

# *Winkel toe*



# Winkel toe





1. Sarie se hoenders  ..................3

2. Bettie se brood  ........................5

3. Winkel toe  .........................8

4. By die winkel  .........................10

5. Bettie vra  ................................13


Tekeninge van hoenders geleen uit "Jock of the Bushveld".

g


oe

eu

v

w

# Sarie se hoenders



Sarie het ses hoenders.

Sy het ses mooi vet hoenders.


Bettie speel voor die deur.

Sy sit en speel onder die boom.

Die hoenders is ook daar voor die deur.

Bettie sit

en speel.




Die hoenders soek kos.

Sarie kom.

Sy gee vir Bettie 'n stukkie brood.

"Dankie Ma," sê Bettie.



Sy sit voor die deur en eet.


Sy sit onder die boom.

Sy sit en eet haar brood.

Bettie sit en eet.

Sy eet haar brood.

Die hoenders soek kos.



# **Bettie se brood**

Bettie sit voor die deur.

Sy sit onder die boom.


Sy eet haar brood.



Die hoenders is ook daar.

Die hoenders soek kos.

Bettie sit en eet.



'n Mooi vet hoender

kom nader.

Bettie sit stil.

Sy kyk die hoender.

Die hoender kyk haar brood.

Bettie sit 'n stukkie neer.

Die hoender kyk die brood.

Bettie sit stil.

Die hoender kom nader.

Die brood lê daar.

Die hoender wil die brood hê.

Bettie sit en kyk.

Die hoender pik die brood.



Bettie is bly.




Die hoender pik weer.

Bettie is baie bly.

Sy kan nie meer stil sit nie.

Sy lag en staan op.

Die hoender skrik.



Die hoender skrik

en kekkel


en hardloop weg.

Bettie lag en lag.

# Winkel toe

Die son skyn.

Dis 'n mooi dag.




Sarie en Bettie gaan winkel toe.

Bettie kyk alles in die winkel.

Op die vloer lê daar 'n hoop pampoene.

Die pampoene is


groot en wit.




Op die vloer lê

daar ook 'n paar

groot sakke.




Bettie weet dat daar aartappels in die sakke is.




Op die rak sien Bettie 'n hoop kool.

Die kool is groot en rond en groen.

Daar lê ook beet op die rak.



Bettie sien ook 'n hoop mooi geel wortels op die rak.




Alles in die winkel lyk mooi.

# **By die winkel**

Bettie kyk alles in die winkel.

Sy sien die

groente.



Daar lê pampoene en sakke aartappels

op die vloer.


Daar lê beet en kool en wortels op die

rak.

Bettie sien ook 'n

groot wit yskas

wat daar staan.



Daar is koeldrank en melk in die yskas.


Sarie koop nie vandag groente nie.

Sy koop nie vandag melk nie.

Sy koop ook nie vandag koeldrank nie.

Die man in die winkel gee vir Sarie

'n paar pakkies.




"Meel, rys en tee," sê hy.

"Sal dit al wees?"

"Dis al, dankie," sê Sarie.

Sy gee vir hom die geld.




"Dankie," sê die man.

Bettie staan en kyk.

Sy wil iets hê, maar sy is te skaam om

te vra.

Sy wil nie voor die man sê nie.

Sarie tel haar pakkies op.

"Kom, Bettie," sê sy.

"Ons gaan huis toe."

Bettie bly staan.

Sy wil iets vra.

# Bettie vra

Bettie staan in die winkel.

Sy sien alles.

Sy sien die groente,

en die groot wit yskas,

en die rakke vol sakkies en pakkies.




Sy wil iets hê, maar sy wil nie voor die

man sê nie.

"Ma," sê sy saggies.

"Kom, Bettie," sê Sarie weer.

Bettie bly staan.

Sy wil iets hê, maar sy wil nie sê nie.

Sy voel skaam.


"Ma," sê sy weer.

Sy wil nie voor die man sê nie.

"Wat is dit, Bettie?" vra Sarie.

"Ma," sê Bettie saggies,

"lekkers, Ma."



Sarie lag.


Sy sit haar pakkies neer.

Die man in die winkel sê, "Kan ek help?"

"Ons wil ook lekkers koop," sê Sarie.

Die man gee vir haar

'n pakkie lekkers.




Sarie gee vir hom

die geld.

Bettie is baie bly.


By die huis gee Sarie vir Bettie 'n paar

van die lekkers.

Bettie gaan sit voor die deur.

Sy sit in die son en eet haar lekkers.

Dis lekker.



Die hoenders is ook daar.

Bettie sit en eet.

Die hoenders soek kos, maar Bettie gaan nie vir die hoenders haar lekkers gee nie.

Die lekkers is te lekker.